

**1 Junie 2004**

Posbus 1615  
Bethlehem, 9700  
Tel/Faks: (058) 303 9640

**BESTUURSINLIGTING**

## **KORINGRESULTATE IS SWAKSTE IN BAIE JARE**

*Toe die droogte aan die einde van 2003 op sy felste was, is daar gevrees dat veral die koringoes baie erg daaronder gaan deurloop. Die koringresultate van 'n groep boere in die Oos-Vrystaat wat so pas vrygestel is bevestig dan ook die aanvanklike vrese en herinner sterk aan die stand van Suid-Afrikaanse rugbyspanne op die Super 12 se puntetabel. Dit is beslis iets om oor hartseer te raak!*

# **NUUSBERIG**

Die droogte het die oesopbrengs uiters nadelig beïnvloed. Figuur 1 toon die opbrengs per hektaar aan van hierdie groep boere sedert 1998. Vanjaar se opbrengs was die laagste wat dit die afgelope sewe jaar was, naamlik 1.3 ton per hektaar. In 1999 was die opbrengs 1.4 ton per hektaar maar die ironie is dat hierdie lae opbrengs aan te veel reën toegeskryf moet word en nie aan droogte nie. In hierdie jaar het te veel reën gedurende strooptyd tot gevolg gehad dat groot areas nie gestroop kon word nie omdat die stropers nie in die nat lande kon inkom nie. Die opbrengs was dus daar maar dit kon nie ingesamel word nie. Die jare 2001 en 2002 het beide rekordoste in terme van opbrengs per hektaar gelewer.

Die boer se wins word uiteraard deur die verlaagde opbrengs beïnvloed. Figuur 2 toon die wins per hektaar van dieselfde groep boere vir die afgelope sewe jaar. Hiervolgens is dit slegs die tweede jaar wat die gemiddelde netto resultaat van koring 'n verlies toon. Die verlies was R278.00 per hektaar vir hierdie groep boere. In 1999 was

daar 'n verlies van R51.00 wat hoofsaaklik aan swak pryse toegeskryf kan word.

Die meegaande tabel bevat meer spesifieke gegewens oor die finansiële resultate van COMPUTUS se deelnemende boere in die Oos-Vrystaat. Die vernaamste gevolgtrekkings daaruit kan soos volg saamgevat word:

### **Wins/Verlies**

Die verlies per hektaar vir die huidige jaar is R277.99. Dit is R894.74 per hektaar laer as die vorige jaar se wins. Die wins van die beste derde beloop R340.92 per ha. Die verlies van die swakste derde beloop R982.72 per ha. Die omvang van die variasie tussen die beste en swakste derde is dus R1,323.64 per hektaar.

### **Opbrengs**

Die opbrengs vir die huidige jaar was 1.3 ton hektaar. Dit is 0.7 ton laer as die opbrengs van die vorige jaar. Die langtermyn opbrengs (ton/ha) vir die laaste vyf jaar is 2.3 ton per hektaar.

### **Prys**

Die gemiddelde prys per ton was R1,513.33 en dit is R34 hoër as dié van die vorige jaar.

### **Koste**

Die direkte uitgawes per hektaar was R1,212.12 en dit is R100.00 laer as die vorige jaar. Direkte uitgawes het met 8% vanaf die vorige jaar gedaal terwyl tota

Die gevolgtrekking waartoe gekom kan word is dat die boere se uitgawes onder beheer was en selfs 'n daling vanaf die vorige jaar getoon het. Die gemiddelde prys wat die groep boere ontvang het was redelik markverwant en 'n klein bietjie hoër as dié van die vorige jaar. Die verlies wat uiteindelik gerealiseer is kan dus uitsluitlik aan die swak opbrengs toegeskryf word. Op sy beurt is die lae opbrengs die gevolg van die droogte wat veral gedurende die vorming van die oes op sy ergste was.


Die deelnemende boere wat in die groep was, het gemiddeld 'n verlies van R278.00 per hektaar behaal. Daar is gemiddeld 325 hektaar deur elk van hierdie boere geplant. Die totale verlies per boer uit koring beloop gemiddeld dus R90,319.01. Dit is egter nie al wat hierdie boere verloor het nie. Geen boer plant 'n gewas aan om bloot net gelyk te breek nie. Daar word tog vir 'n wins geboer. Indien die vorige jaar se wins per hektaar as maatstaf gebruik word, kon hierdie boere 'n wins van R200,445.00 gemaak het. Die totale verlies aan netto inkomste vir 2004 se koringoes is gemiddeld dus R290,764.13 per boer. Die vermenigvuldiger-effek van die verlies aan inkomste het ook 'n uitkringende invloed op die res van die ekonomie. Die resultate toon dus dat nie net koringboere nie maar ook die land in geheel, 'n hoër prys vir die droogte van 2003 betaal het as gevolg van 'n lae oesopbrengs.

---


## **BETHLEHEM**

### **Mei 2004**

**FIGUUR 1:**



FIGUUR 2:



**TABEL 1: RESULTATE VAN DROËLAND KORING IN DIE OOS-VRYSTAAT**

|                              | 2004        |             |             |             | 2003        | 5 jaar      |
|------------------------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|-------------|
|                              | Gemiddeld   | Beste 1/3   | Swakste 1/3 | Variasie    | Gemid       | Gemid       |
| Totale hektare               | 325         | 463         | 209         | 253         | 290         | 361         |
|                              | <b>R/ha</b> | <b>R/ha</b> | <b>R/ha</b> | <b>R/ha</b> | <b>R/ha</b> | <b>R/ha</b> |
| Produkverkope                | 1673        | 2258        | 1242        | 1016        | 2876        | 2429        |
| Versekering ontvang          | 259         | 258         | 438         | 179         | 56          | 118         |
| Ander Inkomste & Voer        | 33          | 39          | 8           | 31          | 5           | 21          |
| <b>TOTALE INKOMSTE</b>       | <b>1965</b> | <b>2555</b> | <b>1687</b> | <b>867</b>  | <b>2936</b> | <b>2568</b> |
| Saad                         | 126         | 119         | 113         | 6           | 94          | 105         |
| Bemesting                    | 549         | 531         | 615         | 84          | 486         | 394         |
| Onkruidbeheer                | 45          | 53          | 34          | 18          | 106         | 72          |
| Plaaigbeheer                 | 58          | 49          | 86          | 37          | 85          | 67          |
| Droog, Skoon & Berg          | 37          | 50          | 32          | 18          | 48          | 37          |
| Bemarking                    | 72          | 23          | 172         | 149         | 10          | 22          |
| Oesversekering               | 251         | 357         | 242         | 115         | 350         | 249         |
| Stroopkoste                  | 38          | 3           | 89          | 86          | 57          | 60          |
| Spuitkoste                   | 7           | 6           | 9           | 3           | 59          | 38          |
| Vervoerkoste                 | 7           | 11          | 0           | 11          | 8           | 11          |
| Losarbeid                    | 3           | 7           | 0           | 7           | 1           | 2           |
| Direkte Brandstof            | 0           | 0           | 0           | 0           | 0           | 5           |
| Direkte Reparasies           | 20          | 48          | 8           | 40          | 8           | 8           |
| Verpakking                   | 0           | 0           | 0           | 0           | 0           | 0           |
| <b>DIREKTE UITGAWES</b>      | <b>1212</b> | <b>1257</b> | <b>1400</b> | <b>143</b>  | <b>1312</b> | <b>1069</b> |
| Finansieringskoste toegedeel | 80          | 89          | 123         | 34          | 70          | 86          |
| Permanente arbeid toegedeel  | 200         | 168         | 270         | 101         | 205         | 185         |
| Reparasies toegedeel         | 380         | 359         | 435         | 76          | 368         | 414         |
| Brandstof toegedeel          | 371         | 340         | 442         | 102         | 363         | 147         |
| <b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>  | <b>1031</b> | <b>957</b>  | <b>1270</b> | <b>313</b>  | <b>1007</b> | <b>832</b>  |
| <b>TOTALE UITGAWES</b>       | <b>2243</b> | <b>2214</b> | <b>2670</b> | <b>456</b>  | <b>2319</b> | <b>1901</b> |
| <b>VERTAKKINGSMARGE</b>      | <b>-278</b> | <b>341</b>  | <b>-983</b> | <b>1324</b> | <b>617</b>  | <b>667</b>  |
| Opbrengs (Ton geproduseer)   | 1.3         | 1.6         | 1.2         | 0.3         | 2.0         | 2.3         |
| Vertakkingsinkomste/BPW (%)  | 20%         | 30%         | 14%         | 16%         | 29%         | 29%         |
| Prys/Eenheid (Rand/ton)      | 1513        | 1641        | 1358        | 283         | 1479        | 1259        |